# Rooi Ivoor Boerdery

Rooi Ivoor Boerdery is geleë in die hartjie van die bosveld, tussen Alldays en Maasstroom, in die Limpopo provinsie. Rooi Ivoor Boerdery is 35 km vanaf Alldays op die Swartwaterpad (R572) en 200 km vanaf Polokwane.

Rooi Ivoor se jagseisoen duur vanaf 1 April tot 31 Augustus 2024.
Die besprekings vir jagte is nou oop.










# Akkommodasie

Rooi Ivoor se twee jagkampe is netjies en gerieflik ingerig vir jagters en gaste, met ten volle gemeubileerde grasdak chalets, lapa's, braai areas en ten volle toegeruste kombuise.

Die chalets is selfsorgeenhede, met lugversorging en het ook elk hul eie en-suite badkamers.

Die jagkampe beskik ook oor klein afkoel swembaddens vir die warm somer maande. Verder is daar ook by beide kampe 'n koelkamer, slaggeriewe en 'n kragopwekker.













# Freddie Jagkamp

Akkommodeer 'n totaal van 8 persone.  Die kamp bestaan uit 4 chalets met en-suite badkamers, vir 2 persone om te deel.






# Bonteberg Jagkamp

Akkommodeer 'n totaal van 8 persone.  Die kamp bestaan uit 2 chalets met en-suite badkamers, vir 4 persone om te deel.






# Voorwaardes vir die bespreking van 'n jag

1. 'n Minimum vereiste van 4 jagters per groep.
2. 'n Minimum vereiste van 3 nagte se verblyf.
3. 'n Maksimum vereiste van 8 persone per groep.
4. 'n Nie-terugbetaalbare deposito is betaalbaar voor die jag bespreek kan word.
5. Die deposito bestaan uit die totale verblyf koste.
6. 'n Voorlopige bespreking word vir 7 werksdae gereserveer, vir die jagter om die betaling te maak, waarna dit gekanselleer sal word indien die volle deposito nie betaal is nie.
7. Alle uitstaande bedrae is betaalbaar op die laaste dag van die jag, voor vertrekking vanaf die plaas.
8. Internet is beskikbaar vir elektroniese oorbetalings.
9. Kaart fasiliteite is beskikbaar.

*Voorwaardes en verdere inligting vir die jag word met navraag en bespreking aangestuur.*








# Tariewe

Die daaglikse tarief is R 700-00 per jagter en R 500-00 per nie-jagter per nag, wat die volgende insluit:

- Akkommodasie
- Bediende daagliks
- Jagvoertuig
- Slag van wild
- Kragopwekker tydens beurtkrag
- Beddegoed en handdoeke
- Vuurmaakhout
- Gidse met 2 rigting radio's
- Koelkamer geriewe
- Jagpermitte

* R 1000 dagfooi per jagter per dag vir jagters wat nie oorslaap nie.

# Pryslys

| SPESIE | MANLIK | VROULIK |
|---|---|---|
| BLESBOK | | |
| • BRUIN | POA | POA |
| • WIT | POA | POA |
| BOSBOK | R 10 000 | NIE BESKIKBAAR |
| BOSVARK | R 2 500 | R 2 000 |
| BUFFEL | | POA |
| • BULLE 40” en kleiner | R 100 000 | |
| • BULLE groter as 40” tot 41” | R 105 000 | |
| • BULLE groter as 41” tot 42” | R 110 000 | |
| • BULLE groter as 42” tot 43” | R 120 000 | |
| • BULLE groter as 43” tot 44” | R 130 000 | |
| • BULLE groter as 44” tot 45” | R 140 000 | |
| • BULLE groter as 45” tot 46” | R 150 000 | |
| • BULLE groter as 46” | R 170 000 | |
| DUIKER | R 1 500 | R 1 500 |
| ELAND (KAAPSE) | R 16 000 | R 12 000 |
| GEMSBOK | R 12 000 | R 12 000 |
| GEMSBOK BASTER (ROAN)* | *(Papiere en topspermitte vir uitvoer van trofee is beskikbaar) | NIE BESKIKBAAR |
| • BULLE 27” en kleiner | R 45 000 | |
| • BULLE groter as 27” | R 1800 per duim | |
| GEMSBOK (ROOI IVOOR) | R 15 000 | NIE BESKIKBAAR |
| KAMEELPERD | R 18 000 | R 18 000 |
| KOEDOE | | R 7 000 |
| • BULLE 42” en kleiner | R 16 000 | |
| • BULLE groter as 42” tot 50” | R 22 000 | |
| • BULLE groter as 50” | R 35 000 | |
| NYALA | | R 6 000 |
| • BULLE kleiner as 27” | R 15 000 | |
| • BULLE 27” tot 29” | R 24 000 | |
| • BULLE groter as 29” | R 30 000 | |
| ROOIBOK | | R 1 500 |
| • PENKOP | R 1 500 | |
| • KNYPKOP | R 1 800 | |
| • RAMME kleiner as 21” | R 2 000 | |
| • RAMME 21” tot 23” | R 3 000 | |
| • RAMME groter as 23” | R 5 000 | |
| ROOIBOK SWART | R 20 000 | NIE BESKIKBAAR |
| SEBRA | R 10 000 | R 10 000 |
| STEENBOK | R 1 500 | R 1 500 |
| SWARTWITPENS | | POA |
| • BULLE 35” en kleiner | R 30 000 | |
| • BULLE groter as 35” | R 1 000 per duim | |
| VLAKVARK | | R 2 000 |
| • BERE 12” en kleiner | R 2 000 | |
| • BERE groter as 12” | R 2 500 | |
| WATERBOK | | R 5 500 |
| • BULLE kleiner as 24” | R 10 000 | |
| • BULLE 24” tot 28” | R 20 000 | |
| • BULLE groter as 28” | R 28 000 | |

# Kontakbesonderhede





**Nadine van der Merwe (Besprekings)**

**+27 74 314 6304**

**wild@rooiivoor.co.za**

Willem van der Merwe snr.

+27 82 337 2259

Willem van der Merwe jnr.

+27 72 321 5691





# Adres





Rooi Ivoor Boerdery

Alldays

R572 (Swartwaterpad)

Limpopo





*Freddie koördinate:*

S 22° 38' 38.25"

O 28° 47' 10.20"







# Bepalings en Voorwaardes

1. 'n Minimum vereiste van 4 jagters per groep.
2. 'n Minimum vereiste van 3 nagte se verblyf.
3. 'n Maksimum vereiste van 8 persone per groep.
4. 'n Nie-terugbetaalbare deposito is betaalbaar voor die jag bespreek kan word.
5. Die deposito bestaan uit die totale verblyf koste.
6. 'n Voorlopige bespreking word vir 7 werksdae gereserveer, vir die jagter om die betaling te maak, waarna dit gekanselleer sal word indien die volle deposito nie betaal is nie.
7. Alle uitstaande bedrae is betaalbaar op die laaste dag van die jag, voor vertrekking vanaf die plaas.
8. Internet is beskikbaar vir elektroniese oorbetalings.
9. Kaart fasiliteite is beskikbaar.
10. Met aankoms by Rooi Ivoor, is elke persoon verplig om 'n vrywaringsvorm te onderteken.
11. Met vertrek vanaf Rooi Ivoor, word elke jagter voorsien van die nodige permitte om die karkasse te vervoer.
12. Aankoms tye: 07h00 tot 18h00.
13. Vertrek tye: 07h00 tot 12h00.
14. Manlike diere word vanaf 1 April tot 31 Augustus gejag.
15. Vroulike diere word vanaf 1 April tot 31 Augustus gejag.
16. Geen troeteldiere word toegelaat nie.
17. Wapen veiligheid is die jagter se verantwoordelikheid en in alle opsigte toepaslik.
18. Alle vuurwapens moet ontlaai wees op die voertuie en by die kampe.
19. Geen jagte na sononder word toegelaat nie.
20. Geen jagte word op Sondae toegelaat nie.
21. Jag vuurwapen kalibers van .270 en groter word toegelaat.
22. Geen boogjagte word toegelaat nie, slegs vuurwapens.
23. Die gebruik van eie voertuie of vierwiel motorfietse word nie toegelaat nie.
24. Geen jag sonder 'n gids word toegelaat nie.
25. Die gidse word nie verantwoordelik gehou indien die verkeerde dier, -grootte, of -geslag geskiet word nie.
26. Diere wat gekwes word, is volprys.
27. Skade aan die kamp sal vir die jagter se rekening wees.
28. Geen persone word toegelaat om in die chalets te rook nie.
29. Items op die inventaris lys wat gebreek- of vermis is, sal vir die jagter se rekening wees.
30. Geen persoon onder die invloed van alkohol sal toegelaat word om te jag nie.
31. Jagters word aanbeveel om hul vuurwapens by ons beskikbare skietbaan in te skiet, voor die jag plaasvind.
32. Geen karkasse word by Rooi Ivoor bewerk nie.

| | | |
|---|---|---|
| Jagter Naam en Van | Jagter Handtekening | Datum |